

BRIEF - PROF PIETER COERTZEN IVM GEDRAGSKODE VIR GODSDIENS

28 Maart 2018

Beste Vriende,

Ek skryf hierdie brief aan u namens die **Suid-Afrikaanse Raad vir die Beskerming en Bevordering van Godsdienste en -vryhede (SA Raad vir Godsdienste en -vryhede)**.

Gedurende die afgelope maande het ons kennis geneem van die verslag van die *Kommissie vir Kultuur-, Godsdienste- en Taalregte* onder die titel *The Commercialisation of Religion and Abuse of People's Belief Systems*. Die verslag bevat inderdaad baie verontrustende inligting oor hoe godsdienste in Suid-Afrika gekommersialiseer word en mense se geloofsoortuigings misbruik word – en dit is 'n proses wat steeds aangaan. Ons lees daagliks van seksuele misbruike en godsdienstige wanpraktyke wat dwarsoor ons land aangaan binne kerke en godsdienste. Iets moet gedoen word om oortreders tot verantwoording te roep. Waar landswette oortree word en misdade gepleeg word behoort die owerhede in te tree en die wette toe te pas.

Die SA Raad vir Godsdienste en -vryhede is van mening dat enige regulering van godsdienste deur die Staat inkonsekwent sal wees met betrekking tot die reg tot godsdienstevryheid en sal as sodanig oneffektief wees. Dit is ons vaste oortuiging dat godsdienste in Suid-Afrika self die verantwoordelikheid moet aanvaar om hulle huis in orde te kry. Die Raad vir Godsdienste en -vryhede in Suid-Afrika, saam met talle kerke, godsdienste en godsdienstige liggames is van mening dat ons 'n **Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika** nodig het waarin die verpligtinge en verantwoordelikhede van godsdienste en godsdienstige liggames uiteengesit word, net soos die regte van godsdienste in die *SA Handves vir Godsdienste en -vryhede* uiteengesit is.

'n Gedragskode kan ook die aanloop vorm vir ander dokumente en handleidings en ook studiemateriaal wat ontwikkel kan word of dalk al ontwikkel is, ten bate van alle godsdienste in Suid-Afrika. Ons is van oortuiging dat as kerke en godsdienste beter onderrig en ingelig word oor hulle openbare verpligtinge, en hulle hulself tot die gedragskode verbind, kan dit net lei tot beter selfregering deur kerke en godsdienste en kan die misbruik van godsdienste baie beter teengewerk word.

In die **aanhegting tot hierdie e-pos** stel die **SA Raad vir Godsdienste en -vryhede** met respek 'n **Konsep Gedragskode vir Godsdienste in Suid-Afrika** voor. Ons vriendelike versoek is dat u asseblief noukeurig na die dokument kyk, dit met mekaar bespreek en dan u kommentaar en/of voorstelle aan ons terugstuur. Ons sal u kommentaar en/of voorstelle ernstig oorweeg en sal 'n ge-amendeerde Kode weer aan u stuur vir verdere kommentaar en/of voorstelle. Ons hoop om op hierdie manier, met elkeen se insette en voorstelle, 'n dokument, met nodige bylaes, te ontwikkel, wat alle belanghebbendes (individue, kerke, godsdienste, godsdienstliggame, godsdienstebeoefenaars en ander) kan onderskryf en ondersteun as die antwoord vanuit die godsdienste-gemeenskappe van Suid-Afrika op die onverkliklike situasie wat ontstaan het. U kan ook 'n bydrae lewer deur hierdie skrywe en die Konsep gedragskode so wyd as moontlik bekend te stel.

Ons riglyn vir die opstel van die Konsep Gedragskode was die *Suid Afrikaanse Handves vir Godsdienste en -vryhede*. Aangesien ons regte altyd ook sekere pligte veronderstel kan mens sê dat die Gedragskode die keersy van die Handves is, terselfdertyd is dit egter ook meer.

Mag ons vriendelik vra dat u u kommentaar op hierdie eerste weergawe van 'n Konsep Gedragskode nie later nie as 23 April 2018 aan ons sal stuur. Ons werk daaraan om die finale Gedragskode in meer van die amptelike Suid-Afrikaanse tale beskikbaar te hê.

Stuur asb u kommentaar en voorstelle aan beide prof P Coertzen pc@sun.ac.za en prof Rassie Malherbe by r.malherbe@gmail.com

Dankie vir u aandag en wees verseker dat ons uitsien na u reaksie.

Vriendelike groete.

P Coertzen (Voorsitter: SA Raad vir Godsdieneregte en -vryhede)

Prof Pieter Coertzen

Eenheid vir die Studie van Godsdieneregte en Reg/Unit for the Study of Law and Religion

Beyers Naudé Sentrum vir Openbare Teologie/Beyers Naudé Center for Public Theology

Fakulteit Teologie/Faculty of Theology

Stellenbosch Universiteit/Stellenbosch University

Stellenbosch 7600

Suid-Afrika/South Africa

Tel/faks/fax [+27 \(0\) 21 887 2619](tel:+270218872619)

Fax2mail: 0867770296

E-mail: pc@sun.ac.za